DIE O.B., WOENSDAG, 12 JULIE 1950

# MIDDE IN 'N OORLOG

Dit is moontlik dat die Kommunistiese aanslag op Suid-Korea die eerste skote van die „Derde Wêreldoorlog" genoem sal word, maar dit is meer waarskynlik dat daar nooit van 'n derde wêreldoorlog sprake sal wees nie. Die karakter van oorlog het in die jongste jare baie verander — so verander dat ons selfs nou al gewoond is om te praat van die „koue oorlog" wat aan die gang is. Tot 'n dertig jaar of meer gelede was dit gebruiklik om 'n oorlog in te lui met 'n reeks diplomatieke formaliteite waaraan die ultimatum en oorlogsverklaring afronding verskaf het. Die Tweede Wêreldoorlog met sy blits-metodes het hieraan reeds 'n einde gemaak. Lande is onverhoeds oorval, en toe die einde uiteindelik gekom het, was daar ook geen formele vredesluiting soos voorheen die gebruik was nie. Miskien het ons, soos Neurenberg ook getuig, so teruggesak na die barbaarse oorlogsgewoontes toe die einde van 'n stryd nie uit 'n amptelike dokument gespreek het nie, maar uit die leeggeplunderdheid van 'n land en soms selfs uitwissing van 'n volk, dat 'n formele vredesluiting sowel oorbodig as hinderlik beskou is. Maar dit kan ook moontlik wees dat die Westerse bondgenote intuïtief besef het — hoewel hul vrome uitlatings en handewerk te Potsdam en San Francisco niks daarvan verraai het nie — **dat Hitler en later Dönitz se siening van 'n logiese botsing tussen die Sowjet en die Westerse moondhede reg was toe hulle in verskillende omstandighede na mekaar die weg geopen het vir 'n gesamentlike stryd teen die Kommunistiese magte — openings wat die Westerse leiers smalend van die hand gewys het.**

## DIE OORSPRONG

**Want inderwaarheid het die sogenaamde „Derde Wêreldoorlog" reeds begin en het die Weste die eerste slag verloor toe Roosevelt en Churchill in Teheran rondom die konferensietafel besluit het om Oos-Europa en die hoofstad van Duitsland aan Stalin af te staan. Onderwyl die Westerse politici nog besig was om hulp teen Duitsland af te koop met die grondgebied en vryheid selfs van Pole om wie se ontwil Brittanje die oorlog aangeknoop het, het Stalin reeds sy eerste veldtog teen die hele Westerse wêreld afgerond. Dat Westerse politici nou agterna beweer dat dit maar net as 'n „voorlopige reëling" bedoel was ten einde „die harmonie tussen die bondgenote" te bewaar, dien veel eerder as 'n onderstreping van die voornoemde stelling as 'n verskoning vir hul kortsigtige handelwyse.**

En toe die Westerse staatsmanne en pers aan hul volke verduidelik het watter reuse-bydrae „premier" Stalin besig was om tot die saak van die Christendom en die demokrasie te lewer, en selfs ons eie regering ons landspoorte wyd oopgemaak het vir Stalin se vyfde kolonne by die toelating van 'n lywige konsulaat, was die Kremlin besig om oorwinning na oorwinning in die „Derde Wêreldoorlog" te behaal. Hierdie oorlog mag so koud gewees het soos Siberië, maar sy uitwerking was nie minder dodelik nie, veral as onthou word dat Stalin se agente wat onder Roosevelt se selfversekerde bewind voorrang in vertrouenskringe geniet het, met die buit van die atoomgeheime die enigste „warm wapen" waarmee die Russiese imperialisme uitwendig teengehou kon word, uitgeskakel het. **Daar bestaan vandag weinig moontlikheid dat Amerika ooit toevlug tot hierdie wapen sal neem omdat hy reeds 'n agterstand op hierdie gebied teenoor Rusland het, veral sover dit doeltreffendheid van uitwerking betref. Amerika is 'n veel makliker skyf as die Russiese kolos vir hierdie soort wapen.**

## KNAAG-OORLOG

**Die gevaar skyn dus nie so seer in 'n skrikwekkende „Derde Wêreldoorlog" te lê nie as juis in die geleidelike wegkrummeling van die wêreld onder die geknaag van Stalin se vyfde kolonnes dwarsoor die aarde.** Bietjie laat — miskien te laat — het die Amerikaners deur die gebeure in Korea tot die ontwaking gekom. Sjina het reeds geval; Tibet skyn volgende op die program te wees en dit sal miskien nie lank duur nie voordat ook Indië, Persië en ander lande nog net 'n leë dop sal wees, gereed om plat gedruk te word. **Rusland volg 'n taktiek wat homself verhewe hou bokant die hitte van die plaaslike „warm oorloë." Hy veg nie in Korea nie. Hy lê die nuwe verdrae tussen Oos-Europese lande ten opsigte van grense en bevolkingsverskuiwings nie vas in sy handskrif nie.** Die formele afstanddoening van Oos-Duitse gebied aan Pole deur die Oos-Duitse „regering" en die amptelike goedkeuring van die uitdrywing van 3,000,000 Duitsers uit Tsjeggo-Slowakye deur dieselfde bewind, is dinge ver benede sy verantwoordelikheid. En net so sal die toenemende eis van die Oos-Duitse bewind om vereniging van Duitsland en die latere geweldadige poging tot inpalming van Wes-Duitsland wanneer die tyd daarvoor ryp is, 'n onderlinge geskil tussen Duitsers wees.

**Die wêreld staan midde in 'n oorlog so koelbloedig en finaal in sy beslissings as enige „warm oorlog" — 'n oorlog met hoofkwartier in Moskou sonder dat Moskou daarvoor gebombardeer kan word en sonder dat Moskou se diplomatieke verteenwoordigers, wat die verskillende veldkwartiere in die stryd uitmaak, in die pad gesteek word.**

(Vervolg in volgende kolom)

(Vervolg van vorige kolom)

Ook in ons land heers hierdie oorlog, en hoewel die regering tydens die afgelope parlementsitting maatreëls laat aanneem het om die gevaar enigsins te besweer, woed hierdie stryd voort in allerlei vorms en staan die Russiese veldkwartier nog ongeskonde in Pretoria.

**As die Westerse moondhede hulle nie tydig aanpas by die metodes van die nuwe oorlog nie, maar bly wag op formaliteite van 'n verbygegane eeu voordat hulle toeslaan, sal hul leiers net so onbewus wees van die einde as wat hulle onbewus was van die begin en voortgang van hierdie moderne oorlog.**

# Afronding Van O.B. Se Organisasievorm

**Oral in Suid-Afrika is die offisiere van die Ossewabrandwag tans besig om gesinsvorms onder lede van die beweging te versprei. Die doel is dat elke O.B.-huisgesin, in die stede of dorpe of op die platteland, sodanige vorm moet invul sodat die voltooide vorm teruggestuur kan word aan die Hoofkantoor, waar die huisgesin dan ingeskakel sal word.**

**Hierdie organisasie van die O.B.-huisgesinne deur middel van die gesinsvorm is die laaste stap in die afronding van die Ossewabrandwag se organisasievorm.**

Die Ossewabrandwag word georganiseer deur middel van die stelsel van kommando-eenheid. Daar bestaan 'n netwerk van kommando's wat die O.B. oor die lengte en breedte van Suid-Afrika uitsprei. Aan die spits van die kommando staan die Kommandant. Hy word bygestaan deur Veldkornette, wat in die verskillende wyke van die kommandantskap, die bevel voer oor die O.B.-huisgesinne in daardie wyk.

Die kommando bestaan derhalwe uit die O.B.-huisgesinne in die kommandantskap. Hierdie huisgesinne is trouens die grondslag van die Ossewabrandwag.

Tot dusver het die Hoofkantoor se administratiewe verantwoordelikhede gestrek tot by die Veldkornet. 'n Naamlys van offisiere — tot by veldkornette — is op Hoofkantoor aangehou en voorligtingstukke, bevele en kennisgewings is slegs aan hierdie offisiere gestuur. **In die toekoms, egter, gaan Hoofkantoor administratiewe verantwoordelikhede ten opsigte van elke O.B.-huisgesin aanvaar.**

## REGSTREEKSE KONTAK

Met behulp van die Gesinsvorms gaan 'n noukeurige naamen adreslys van al die O.B.-huisgesinne gehou word, en voortaan sal aan elke huisgesin wat die gesinsvorm voltooi het voorligtingstukke, bevele en kennisgewings gestuur word.

**Daarom is dit in belang van elke huisgesin om so spoedig moontlik die gesinsvorm te voltooi.**

Deur die direkte inskakeling by die Hoofkantoor van alle huisgesinne vir doeleindes van voorligting en kennisgewing word die werksaamhede van elke kommando vanuit die Hoofkantoor aangevul en daardeur word die doeltreffendheid van die organisasie verhoog.

## FONDSE

In die verlede is die fondse van die Ossewabrandwag hoofsaaklik op twee maniere ingesamel. Die offisiere van die manne-kommando's het lyste rondgeneem en geld daarop gekollekteer. Daarenteen het die offisiere van die vroue-kommando's gewoonlik goedere gekollekteer om 'n basaar of 'n dergelike funksie te hou.

**Voortaan sal geld alleen in besondere gevalle op lyste gekollekteer word. Hoofde van huisgesinne word tans deur die offisiere van die manne-kommando's gevra om op die gesinsvorm 'n onderneming of belofte te gee om jaarliks 'n geldelike bydrae te maak tot die fondse van die Ossewabrandwag. Hierdie onderneming bly van krag totdat dit deur die betrokke gesinshoof herroep word. Deur hierdie stelsel van gesinsbydraes word die O.B. verseker van 'n vaste gereelde inkomste en word die beweging in staat gestel om sy werksaamhede planmatig voort te sit.**

Daarom is dit in belang van die O.B. dat elke huisgesin so spoedig moontlik die gesinsvorm moet voltooi.

## 8 AUGUSTUS

**Die vroue-kommando sal normaalweg voortgaan om jaarliks op 8 Augustus 'n Fondsinsameling te hou by wyse van 'n basaar, geselligheid of wat ook al.** Daardeur word eerstens die geldelike bydraes van die gesinne aangevul deur diensbydraes wat gelewer word ten aansien van die funksie wat gehou word; en daardeur word, tweedens, gesorg vir die gereelde en onontbeerlike saamverkeer van die lede van die manne- en vroue-kommando's.

As offisiere en hul brandwagte fluks saamwerk om die gesinsvorms te versprei en te voltooi, sal hierdie belangrike en dringende taak baie gou afgehandel word. Die kommandant(e) en veldkornette(s) moet nie alleen die gesinsvorms versprei nie, maar hulle moet self die voltooide gesinsvorms aan Hoofkantoor terugpos of toesien dat dit gedoen word.

# INTERNASIONALE GUERILLA-OORLOG

**In verband met die Tsotsibende waarna die kommissie van ondersoek na die naturelle-onluste aan die Rand verwys het, skryf adv. Pirow dat hierdie terreur-groep van internasionale betekenis is. Volgens die mening van die kommissie het hulle 'n belangrike rol gespeel en was hulle „waarskynlik die skoktroepe van ander wat agter die skerms opgetree het."**

Dat die kommuniste hulself daarop toelê om ontevredenheid aan te kweek by die gepeupel, is natuurlik welbekend. Hulle sal met hierdie opstokery voortgaan. Tog was daar in die jongste onluste iets anders waarop die kommissie dan ook sinspeel. **Die gepeupel as sodanig is links laat lê en die aandag is gekonsentreer op klein bendes van guerillas. Die punte van aanval is sorgvuldig beraam en die aanvallers is vooraf afgerig om so te werk te gaan dat die nieblanke gemeenskap daar net so veel las sal hê as die blankes.**

## OPSETLIK

Dat 'n opsetlike strategie daar agter steek, blyk ook uit die bangmakery van die vorige dae. 'n Verdere teken dat daar volgens plan gehandel word, is dat 'n tweede onlus kort op die hakke van die eerste georganiseer word. Dit gaan nie die laaste wees nie en daar sal gesorg word dat die „staking" van die 26ste Junie gevolg word deur ander. Telkens sal botsinge met die polisie uitgelok word en dit op plekke waar vreedsame naturelle hulle tussen die vuur van die polisie en die guerillas sal vind. Die oogmerk is om die naturelle in die stede te terroriseer en om daarbenewens insidente te veroorsaak waarvan die skuld op die polisie gewerp sal kan word.

## HULP

Daar is genoeg blankes, hoegenaamd geen Kommuniste nie, wat die opstokers behulpsaam sal wees om die gedagte te laat posvat dat die regering uitsluitlik verantwoordelik is vir die moeilikhede. **Die mondstukke van die V.P. het reeds in die volksraad te kenne gegee dat die regering besig is om 'n polisiestaat te stig.** Hulle is terdeë bewus dat die Nasionaliste minstens net so demokraties as hulle self is. Die beskuldiging word alleen gedoen om die gesindheid van die vlottende stem na hulle kant oor te bring. **Maar hulle woorde word ook deur die naturelle gelees.**

Dat naturelle wat in die onluste beseer is, beskryf word as „aangerand deur die polisie" in die registers van 'n sekere hospitaal, dra ook nie by om hulle vriende en verwantes die saak in die regte lig te laat sien nie.

## GUNSTIGE TOESTAND

Dit is verder bekend dat die aktiwiteite van die Tsotsis nie beperk is tot die uitlok van openlike konflikte met die polisie. Hulle is deurentyd besig met vreesaanjaging en viktimisasie in die lokasie en met misdadige optrede in blanke gebiede. Volgens die verslag van die kommissie is die meerderheid van die jong naturelle in die Tsotsibendes werkloos. Hulle is dit nie omdat daar geen werk vir hulle is nie maar omdat hulle nie wil werk nie. Om te kan lewe moet hulle steel en hulle doen dit graag. Die guerillaleër het geen kommissariaat, hy moet van die land lewe. **Die Tsotsis is rowerbendes met die verskil dat hulle onder 'n sentrale leiding staan wat deur 'n goeie generale staf bedien word.**

**In Suid-Afrika is die toestand vir die politieke guerilla besonder gunstig as gevolg van die rasse-verskille.** In ander lande sal gekonsentreer word op die skepping van vyandigheid by die arbeiders wat in vakbonde georganiseer is teen die res van die bevolking. As daar terselfdertyd twis onder die arbeiders self gesaai kan word, soveel te beter. **Die doel is nie om die arbeiders te bereik nie, maar om die staat ekonomies sover moontlik lam te lê.**

*Kwale van Partystelsels oor die Wêreld*

# Presidensiële Stelsel Enigste Oplossing

**Geen vorm van staatstelsel is volmaak nie. As skeppings van die samelewings waarbinne hulle gevestig is bly hulle aan allerlei kwale onderhewig. Dit hoef ons egter nie te ontmoedig om die beste op te spoor nie. Immers is alle mense soms siek. Dog dit weerhou soekers na gesondheid nie daarvan om duur en ernstige pogings aan te wend om tering of witseerkeel te vermy nie, hoewel hulle weet dat daar vir 'n ligte v e r k o u e waarskynlik geen onfeilbare middel is nie.**

### SOEK DIE BESTE

In hierdie gees van realisme moet ons die voor- en nadele van staatstelsels ondersoek. Die eerste slotsom waartoe al dikwels in die verlede gekom is, is dié dat die partystelsel soos in Suid-Afrika toegepas 'n verderflike is. **Tewens het van die beste Engelse skrywers oor staatsreg dit al dikwels beklemtoon dat 'n land waarbinne bevolkingsgroepe in byna waterdigte afdelings deur taal- of ander verskille geskei word, in hemelsnaam van die partystelsel moet wegbly. Dit verdiep en bestendig die kloof en bied natuurlike huisvesting vir partye wat om die groepe tot stand kom.**

### PARTYSTELSELS OOR DIE WERELD

Die olikheid waaraan ons Suid-Afrikaanse partystelsel kronies ly is egter nog lank nie die enigste wat by dié tipe sisteem gevind kan word nie. Sedert die besondere omstandighede van Engeland is sy tydperk van imperiale glorie ander lande na die partystelsel gelok het, het baie lande die toets gedoen en moes dit meesal berou. Italië, België, Nederland, Frankryk, Portugal, Spanje, om slegs 'n paar te noem, was of is nog in die geledere van die eksperimenteerders.

### WAT IS 'N PARTYSTELSEL?

Dis nodig om te weet wat met „partystelsel" bedoel word. Nie elke land wat 'n politieke orga-

**Deur J. de Vos**

nisasie bevat en dit met die benaming van „party" vereer het 'n partystelsel van regering nie. Onder die onegte partye kan genoem word die Nasionaal-sosialistiese Party onder Hitler, die Kommunistiese Party in 'n kommunistiese staat, die Fascistiese Party onder Mussolini en die politieke partye van die Verenigde State.

**'n Partystelsel van regering bestaan slegs daar waar party-organisasies meeding om alleen of in bondgenootskappe die oppermag in die wetgewende huise van die staat te bekom en waar sodanige oorwinning die uitvoerende gesag van die staat aan die oorwinnaars oorhandig. M.a.w. die meerderheid in die Parlement beheer regstreeks die samestelling van die kabinet.**

### LOSSE BENAMINGS VERWAR

Dis belangrik om aldus duidelik te omskryf wat die onderwerp onder bespreking is. Name is nog geduldiger as papier. Net so min as die Reddingsdaadbond fascisties was omdat hy daarvoor uitgeskel is, kan die etiket wat aan 'n stelsel gehang word sy wese bepaal.

Nou is dit interessant om na te gaan watter stoornisse by die egte partystelsels so dikwels las gee.

### WISSELVALLIGE KABINETTE

In die Unie bestaan die moeilikheid dat partyregerings vir beperkte termyne feitlik partydiktature vestig wat in teenoorgestelde rigtings loop en kwaai botsings veroorsaak. **Op die Vasteland van Europa is die probleem meer dikwels swak regerings wat van dag tot dag leef en weinig goed of sleg uitrig.** Dis die gevolg van te veel partye in die parlement verteenwoordig word waar geen enkele of dikwels selfs geen twee tesaam 'n meerderheid oor die res kan verkry nie. Uiteenlopende partye moet dan kunsmatig tot bouvallige koalisies wat meer dikwels val as staan, saamgeflans word.

### PROPORSIONELE VERTEENWOORDIGING

'n Kiesstelsel wat as proporsionele verteenwoordiging bekend staan, is dikwels — dog nie altyd nie! — die oorsaak van veelvuldige partye. In sulke gevalle oefen kiesers oor die hele land gewoonlik hulle stem op 'n lys goedgekeurde partye uit en elke party kry dan vir sê elke 10,000 stemme een parlementslid. Die gevolg hiervan is dat selfs 'n klein partytjie verteenwoordiging kan kry en derhalwe 'n kans het om te bestaan. Binnekort tree dan 'n twintig of meer te voorskyn om gaos te skep. Slegs 'n sterk persoon kan soms tydelik as Eerste Minister die posisie hanteer.

### PROSEDURE IN PARLEMENT

Hierdie probleem van mankolieke regerings wat veral lande soos België, Portugal, Frankryk en Italië teister of geteister het, is ten dele aan bloot prosedure te wyte. Waar bv. die kabinet nie behoorlike beheer oor die parlementêre komitees het nie en daar dus verstaan kan word voer hy maar 'n kranklike bestaan. Die vroeëre Franse partystelsel het veral hieraan gely. Daarby kom soms dat selfs oor nietighede mosies van wantroue in die regering gestel kan word en die regering tot 'n val kan bring. Dit word nie in Engeland of in Suid-Afrika geduld nie. Dis oorsaak dat 'n regering dikwels die dag vol moed begin dog skielik as gevolg van 'n kleinerige skermutselinkie oor 'n koppie tee iemand se stem en die bewind verloor voordat die son ondergaan.

### WANTROUE TEEN UITVOERENDE GESAG

Oordrewe wantroue teen die uitvoerende gesag is soms die oorsaak dat bloedarmoedige kabinette in naam van die demokrasie verwek word. Dis die soort neurose wat genl. De Gaulle tydelik altans uit die parlementêre stryd verdryf het. Dit lei dikwels tot 'n ontneming van die reg van die kabinet om die parlement te ontbind en 'n nuwe verkiesing uit te skryf. Die parlementslede kry dus die reg tot 'n onbeperkte aantal mosies van wantroue wat regerings laat val maar nie vir hulle lastige gevolge in die vorm van 'n algemene verkiesing op die hals haal nie. Die parlement moet eers self ontbinding beveel, d.w.s. as sy termyn nog nie verstryk het nie.

Hierdie immuniteit teen ontbinding verseker 'n onbeperkte geleentheid tot parlementêre kompromisse, knoeierye, partytjie-komplotte en dies meer. Omdat die volk nie regstreeks in die proses geraadpleeg word nie, raak die politieke lewe in die parlement heeltemal deur 'n soort **apartheid** van die politieke lewe in die volk geskei.

Billikheidshalwe moet darem erken word dat om elke verslane koalisietjie die reg tot ontbinding en die daaropvolgende algemene verkiesing te gee ook 'n bra simpele oplossing sou bied. Dis moeilik om tussen soveel vure te kies.

### DIE OPLOSSING: SKEI DIE WETGEWENDE EN UITVOERENDE GESAG

**Daar is 'n ordentlike oplossing. Die uitvoerende raad van die O.B. het dit pas weer verklaar. Dit vind presedente in ons vaderlandse geskiedenis, in die konsep-grondwet van die eenheidskomitee van die Afrikanerdom soos in 1942 bekendgemaak, in die huidige stelsel van die V.S.A. Skei die onderlinge afhanklikheid van wetgewende en uitvoerende gesag. Stel albei vir vaste termyne daar deur vrye stem van die kiesers. Laat die President as hospits van die piramiede sy ministers uit die bekwaamstes van die land kies. Dit sal ons 'n kans gee om ons nasionale siel te vind en uit te leef.**

---

## 13e Kabinet Hou Net 3 Dae

Na 'n driedaagse bestaan het die dertiende Franse kabinet sedert die oorlog geval. Hierdie krisisse van die partystelsel ontstaan op 'n oomblik dat Europa samesprekings voer oor groter eenheid in gevolge 'n plan van die voormalige Franse minister van buitelandse sake, Robert Schuman, en terwyl die wêreldtoestand 'n kritieke oomblik in die Verre Ooste beleef met die Kommunistiese aanslag op Suid-Korea.

---

## Kommando-nuus

Daar word nou voorbereidings getref vir 8 Augustus, skryf ons korrespondent vanaf Wilgenhoutsdrift. Ons het 'n jaar gehad van swaar droogte en aangesien die rivier gestaan het, het die mense geweldig skade gely. Na die droogte het ons egter baie reën gehad en die rivier is weer vol.

Ons as kommando (A17a3) voel van harte saam met ons geagte kommandant en gesin vir die swaar verlies wat hulle gehad het by die afsterwe van hul jongste seuntjie, Le Roux van Rooyen op 12 Mei. Hy was 5 maande lank siek en het twee ernstige operasies ondergaan. Na 'n bitter lyding is hy oorlede in die ouderdom van 6 jaar.

Ons gun hom die rus, maar lank sal hy gemis word deur almal wat hom geken het.

---

# Pole Sterf Nog Vir Vryheid 11 Jaar Na Britse Waarborg

**Die Pole vir wie se vryheid Brittanje op 1 September 1939 oorlog verklaar het, voer vandag, 11 jaar na hierdie rampsalige gebeurtenis, ten spyte van Brittanje se oorlogsoorwinning nog steeds 'n ondergrondse stryd om vryheid. Verlede week is berig dat Poolse nasionaliste wat hierdie stryd voortsit teen die Russiese handlangers wat die Poolse grens saam met Duitsland indertyd oorgesteek het, met die doodstraf agtervolg word. Etlike lede van die weerstandsgroep is die afgelope weke ter dood veroordeel, onder wie ook 'n negentienjarige student.**

Britse berigte verlustig hulle oor hierdie verhore wat „nie net die krag van die gewapende teenstand openbaar nie, maar ook die uitgebreide ondersteuning wat dit van die publiek en polisie ontvang wat vir jare weggekruip het."

Afgesien van hierdie uitgerekte vryheidstryd — wat eintlik teen die Britse oorwinning gevoer word, aangesien Churchill die Russiese anneksasie en oorheersing van Pole in 'n ooreenkoms met Stalin op 'n byeenkoms van die „Drie Grotes" vasgelê het — word die Poolse werkers ook op groot skaal deur die Kommunistiese bewind aangedryf tot uiterste kraginspanning ter uitvoering van 'n sesjaar-plan. Werkers wat wegbly van die werk word swaar beboet — tot een kwart van hul weeklikse lone.

Op die manier word die Russiese oorlogsmasjien voorsien van goedkoop arbeid in sy voorbereidende stryd teen Brittanje.

## Erkenning Van Foute

„Die Koreaanse moeilikheid lewer 'n sterk pleidooi vir die noodsaaklikheid om eerlik te erken dat die beleid om Japan heeltemal en blywend te ontwapen 'n fout was wat so gou as moontlik herstel behoort te word", skryf Walter Lippmann, Amerika se gesaghebbende diplomatieke kommentator in die New York Herald Tribune.

Moontlik staan ons voor die oomblik dat die ontwapening van Duitsland ook erken sal word as „'n fout wat so spoedig moontlik herstel behoort te word."

**In elk geval is dit jammer dat die Westerse wêreld op hierdie oomblik regeer word deur mense wie se reddende beleid bestaan uit korreksies van hul foute.**

---





**PIONIERS**

**van Suid-Afrika se Sigaretnywerheid**

**VEERTIG jaar gelede moes Suid-Afrikaanse sigarette uitsluitlik van ingevoerde tabak vervaardig word. Die ontwikkelings wat die eie tabakblaar in staat gestel het om die ingevoerde produk te vervang, is die pionierswerk van die vervaardigers van Springbok-sigarette. Dit was hulle wat die, nou reeds geskiedkundige Departement vir Blaarontwikkeling, in die lewe geroep het, en Suid-Afrikaanse tabakboere met heelhartige geldelike en tegniese steun bygestaan het; hulle en Suid-Afrika se tabakboere het saam die fondamente van ons sigaretnywerheid gelê. As die oudste sigaretvervaardigers in die Unie, het hulle saam gegroei met die nywerheid wat hulle help vestig het.**

**Vervaardigers van**

**SPRINGBOK**

**Die Nasionale Sigaret**




US402

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks):** 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

### BEDANKING

Hiermee wens ons twee Kommandant Faan Delport en sy vrou hartlik te bedank vir die Afskeidsdinee wat hulle vir ons gereël het by die Commercial Hotel, Caledon.

Ons waardering vind geen woorde. Die prysenswaardige adres wat aan ons gelewer is, is 'n riem onder ons hart en 'n knoop in die band van Kameraadskap. Ons moet ook Hoofkommandant J. J. Viljoen hartlik bedank vir die woorde van lof en waardering vir ons dienste in die Beweging, asook vir al die ander Kamerade en vriende wie teenwoordig was. Dit alles gee ons weer nuwe moed om voort te gaan in die stryd, en al is ons nou hier in 'n nuwe omgewing in Hermanus, weg van mekaar staan ons nog skouer aan skouer in die Beweging. Nogmaals baie, baie dankie.

Lank lewe die Ossewabrandwag.

Lank lewe en groot word die Caledon Kommando's.

**Van mnr. en mev. Ben Fouche.**
12/7/1B

### WIE KAN HELP

Jong Afrikaner van eerlike inbors vra of daar nie 'n welgestelde Afrikaner is wat 'n 16 m.m. bioskoop projektor (klank) met alle toebehore asook kragmasjien besit, wat nou nie werk daarvoor het nie, wat dit aan hom kan stuur, om om 'n deel te werk. Wil in sy omgewing vertonings in die distrikte hou, asook vir kleurlinge op die dorp. Dit moet in puik toestand wees. Goeie maak. Verkieslik Notco of enige ander goeie maak. Wil u graag 'n mede-broer vooruit help. **Skryf asseblief dadelik aan.—Die O.B., Posbus 1411, Kaapstad.** 12/7/1

## VERVOERDIENS

***Vir algemene karweiwerk en ook vervoer van mense tree in verbinding met***

**J. A. STRAUSS**
**Posbus 64 - - Telefoon 9-8355**
**PAROW**




„Besoek ons Tak in die Wandelgang, Groote Kerkgebou, **vir Radios, Elektriese Toestelle en Meubels.** Skryf aan ons Posbestellingsafdeling, **Phil Morkel,** Posbus 2721, Kaapstad."

### GAATJIESVISIER

Sal persoon wat gaatjiesvisier aangebied het asseblief weer skryf. Adres verlore geraak. Sal geld dadelik pos. **T. J. Louwrens,** Dekka, Pos Vryburg. 12/7/1B

### GRYSHARE

**GRYSHARE** herstel, skilfers verwyder, haregroei bevorder, jongvoorkoms verseker, dit waarborg **GRYSHAARWONDER,** die jongste kunsmatige wêreldwonder haar- en kopvel voedingsmiddel u, skadeloos, kleurstofvry, 5/- per bottel geld met bestelling. **Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.** C/1/9/49

**Antigrys kunsmatige haar,** kopvel voeding. Herstel gryshare en baard binne een maand tot natuurlike kleur, of geld terug. Geen kleurstof. 5/6 Per bottel, posvry. Kontant met bestelling. **Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg.** F14/6/50

### MEDISYNE

Verwyder die wortel van u kwaal of siekte en herstel u regmatige erfenis GESONDHEID, ons beskik oor die middels en behandel alle siektes, skryf, inligting gratis.—**Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.** A/1/9/49

**Voor u alle hoop van genesing laat vaar, en u aan die ergste onderwerp skryf, dan vir oulaas, raadpleeg Die Boerevrou, Bus 7559, Johannesburg.** (Nr.1) 1/9/49

### MARK AGENTE

**Kamerade Aandag!** As julle miskien 'n ander agent ondersteun het voordat ek begin het, kan julle mos darem so af en toe julle besendings deel, of hoe? Merk julle besendings **Bellingan, U.T.H.,** die Spoorweë verkies dit so. Plaas julle bestellings vir vrugtebome vroegtydig by **Sunrise Nurseries, Posbus 4 Nuweplaas.** 19/4/TK

### MEUBELS

**MEUBELS.—** Beter meubels teen billiker pryse Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. **—VISSER-MEUBELS,** Langstraat 179, Kaapstad. 3/12/11

### RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435

### VAN'S CONCRETE PRODUCTS (EDMS.) BEPERK

**Direkteure:**
P. W. J. van Heerden.
P. G. van Heerden.
Potgieterstraat 258,
h/v Pretoriusstraat,
PRETORIA.

Teëls (Vloer en Muur), Kombuisopwasbakke (Terrazo en Vleklose staal), Vuurherde, Septiese eenhede vir gesondheid, Pilare, Wasvate, Bouers- en Loodgietersbenodigdhede, Staalrame, Verf, ens. 3/5/T.K.

## Die Tyd Word Min!

Almal wat **republikeine** is . . .

Almal wat **ware volkseenheid** nastreef . . .

Almal wat **'n blanke toekoms** soek . . .

het belang daarby dat Die O.B. deur soveel as moontlik gelees word.

Help ons om nog 'n intekenaar te kry en u skakel nog 'n krag by in die stryd vir volk en vaderland.

Vul onderstaande intekenvorm in en pos saam met geld aan Die Sekretaris, Voorslag (Edms.) Bpk., Posbus 1411, Kaapstad.

### Intekenvorm

*Neem asseblief my naam op as intekenaar op „Die O.B." tot ek u in kennis stel om toesending te staak.*

*Hierby ingesluit vind u die bedrag van......................*

*........................vir die eerste........................maande.*

*NAAM........................................................*

(Naam en Adres in Blokletters)

*POSADRES...................................................*

.............................................................

.............................................................

.............................................................

*Handtekening.*

Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/3 per halfjaar.

Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.

# S.A. Engelse Bid Al Vir Bewaring Teen Vriende

**'n Paar Engelse joernaliste wat na 'n vlugtige besoek aan die Unie allerlei opsienbarende onsin oor ons land in boekvorm kwyt geraak het, is in die afgelope weke deur 'n deel van die Suid-Afrikaanse Engelse pers oor die kneukels geslaan.**

Op 24 Junie het die Cape Times 'n sarkastiese bespreking bevat van Douglas Reed se boek „Somewhere South of Suez" met die inleidende opmerking dat die skrywer se skokkende ontdekkings en gevolgtrekkings diegene sal verbaas wat hul lewens in die land geslyt het. Reed se boek word vergelyk met die verdraaide kuns van sommige kunstenaars wat voorgee dinge te sien wat die normale mens nie kan raak sien nie en sy wanvoorstellings van byvoorbeeld die Afrikaners word dan op sarkastiese wyse aan hierdie „kunstenaarsvermoë" toegeskryf:

Van die Afrikaners (hy noem hulle Boere) beweer hy naamlik dat hulle 'n afkeur het van geselskap oor iets anders behalwe politiek. Die resensent merk in verband hiermee op: „Dit het by my opgekom of die tallose Afrikaners met wie ek die son oor die bult gesels het oor alles onder dieselfde liewe ou son behalwe politiek op bekwame wyse die feit van my verberg het dat hulle niks daarvan hou om oor die dinge te praat nie? Maar indien dit so is, sou mnr. Reed tog seker hul vermoë om toneel te speel raakgesien en vermeld het?"

### PAK SLAE

Met verwysing na Reed se bewering dat die boere die naturelle na die magistraat neem vir 'n pak slae of dit self toedien, word verklaar: „Hierdie duistere uitlating gee blyke van mnr. Reed se verbasende vermoë om dwarsdeur die voorkoms van dinge in die hart van die waarheid te sien, soos byvoorbeeld die boetes met tronkstraf indien die boetes nie betaal word nie, wat boere opgelê word as hulle naturelle pak gee."

Op 5 Julie neem die Cape Times se medewerker die boek van Henry Gibbs, Twilight in South Africa, wat in die Afrikaanse pers ook skerp kritiek uitgelok het, in beskouing met die opmerking dat hierdie boek onjuisthede bevat wat selfs 'n skoolseun sal laat bloos.

Die resensent merk op dat indien die boek gekenmerk was deur rake waarneming en ewewigtige oordeel, dit 'n plesier aan nie-nasionaliste sou verskaf het om te lees, maar sy wilde gevolgtrekkings en onjuiste feite het nou ten gevolge dat 'n gebed opgestuur word om bewaar te word van ongenooide vriendskap.

### ONINGELIG

'n Hele reeks foute word genoem wat aantoon hoe oppervlakkig en oningelig die skrywer is — behalwe verkeerde spellings van name, onder meer die volgende: „Mnr. (min.) J. G. Strydom is soos so baie ander Nasionaliste 'n predikant"; „Dr. Malan was minister van onderwys in die Botha-kabinet", en „dr. Viljoen, Sekretaris van Landbou" (sedert jare al in die buitelandse diens).

Vervolgens merk die resensent op dat Gibbs nie die Nasionale standpunt suiwer weergee nie, byvoorbeeld dat die taalmedium vir naturelle-onderwys Afrikaans moet wees terwyl die C.N.O.-pamflet aandring op „moedertaal-onderrig" vir naturelle, dit wil sê in die naturelletale.

### SAL SKUD

Na nog 'n paar voorbeelde van onkunde en verdraaiing, word verklaar: „Die uitgewer se aankondiging lui dat Gibbs se boek ongetwyfeld dr. Malan se regering sal skud. Indien hulle dit lees, sal dit seker die geval wees: beurtelings met gelag oor sy foute en ergenis oor sy onbillike weergawe.

„En soos ek aan die begin gesê het, sal dit ook nie die Opposisie streel nie, aangesien mnr. Gibbs se hele redenasie van die veronderstelling uitgaan dat die Nasionaliste vir altyd aan bewind sal bly — wat miskien die grootste fout in sy bloemlesing van flaters is."

### NAAKTE LEUEN

'n Ander rubriekskrywer in dieselfde uitgawe van die Cape Times, verwys na 'n leuenagtige berig uit Kaapstad aan die Amerikaanse blad, Daily News, wat lui dat blankes van die strate verdwyn het op die dag van die staking van nie-blankes teen die regering se wetgewing, en dat hulle voedselvoorrade opgeberg het in hul huise.

„Is dit 'n ware weergawe van wat in Suid-Afrika gebeur het?" word gevra, en dan volg die antwoord: „Nee. Dit is 'n naakte leuen."

## Stede Al Meer Onbewoond

Die neiging om uit die groot stede weg te trek na die voorstede weens die hoë belastings en saamgehoktheid openbaar hom ook in Amerika, terwyl ook daar net soos in Suid-Afrika 'n bevolkingstroom van die platteland na die stedelike gebiede is. Klein plattelanse dorpies se bevolking het in die afgelope aantal jare geleidelik verminder totdat sommige nog net die helfte het wat hulle eenmaal getel het.

Die groot stede het te doen met die uittog na die voorstede en sommige van laasgenoemdes toon reeds 'n groei van 50 tot 100 persent sedert 1940.

Die dag sal kom, so word verklaar, dat die groot stad net 'n verheerlikte werkkamer sal wees met 'n stasie en 'n parkeerterrein wat bedags oorvol en snags verlate is.

## OORLEDENE SE NIER DOEN VERDER DIENS

Die eerste geslaagde oorplanting van 'n nier het onlangs in Amerika plaasgevind. 'n Negen-en-veertigjarige vrou wat aan 'n ongeneeslike nierkwaal ly, het as laaste poging om die lewe te behou ingewillig om 'n oorplanting te waag. Vir vyf weke was die dokters op soek na 'n vrou van haar ouderdom en bloedgroep wat die nier kon skenk. Uiteindelik is 'n sterwende vrou wat geskik en bereid was gevind, en tien minute na haar dood is die pasiënt in die een kamer deur dr. Richards Lawler geopereer vir verwydering van haar siek nier, terwyl 'n ander dokter die nier van die gestorwe vrou in 'n aangrensende kamer verwyder het. 'n Driekwartier later was die gesonde nier behoorlik vasgeheg aan die pasiënt met al die are en kanale verbind aan mekaar. Die nier het onmiddellik 'n lewendige kleur aangeneem en sy werk begin doen.

## Moderne Salomo's Gee Uitspraak

**'n Salomo-raaisel in moderne en gewysigde vorm is onlangs voor die Britse Geheime Raad gelê toe hierdie liggaam 'n appèl aangehoor het van 'n moeder wat sedert 1948 probeer om die howe te oortuig dat 'n ander vrou haar kind in die kraaminrigting ontvang het toe twee pasgebore babas na bewering per abuis omgeruil is.**

Die voorval het vyf jaar gelede in Australië plaasgevind, en toe die ouers van die een kind, Morrison, aansoek by die hof gedoen het om teruggawe van hul kind, is die versoek toegestaan. Daar is bewys dat die kind van die Jenkins-ouerpaar se bloed nie met een van die ouers ooreenkom nie en dat sy dus nie hul kind kan wees nie. Die twee meisiekinders was toe reeds amper drie jaar oud en die Jenkins-paar het in hoër beroep gegaan, waar twee hoër landshowe hulle gelyk gegee het.

In 'n laaste poging om hul kind terug te kry het die Morrisons na die Geheime Raad geappèlleer, maar die appèl is van die hand gewys op grond van die redenering dat die bloedtoetse nie voldoende bewys is nie en dat dit nie raadsaam is dat die bestaande verhouding van die kinders tot die ouers verander moet word nie.

## BRILLE

**Bring u oogarts se voorskrif vir brille na ons.**
**GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.**

**GEHOORAPPARAAT**
**OOK IN VOORRAAD**

**Die Voortrekker-Apteek**
**Kerklaan, KAAPSTAD.**
**Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN.**
**Besoek ons of skryf om Besonderhede.**

DIE
# Boere Jeug
AMPTELIKE ORGAAN

BYVOEGSEL TOT DIE O.B. VAN WOENSDAG, 12 JULIE 1950




## ONS VERVOLGVERHAAL

# SOKKERSPAN in DONKERBAAI

SLOT

Axel Liebeström het gesien. Hy het oorweeg. Agter die groot brekers wat dol teen die rotse aanrol het nog groot golwe verrys. Hy het die reddingsboei in wanhoop aan stuurboord uitgegooi. Daar was niemand te sien nie. Hy kon die boot nie weer agter die brekers waag nie. Die son was laag op die horison. Binne enkele oomblikke sou dit donker word.

Doons het die skipper se hande sien beef en die wiel geneem. Liebeström het sy stormhoed opgeklap en oor die woeste brekers getuur. Daar was niks.

Binne korte tyd was hulle aan die kaai waar die grootste gedeelte van Donkerbaai se mense hulle ingewag het. Die prinsipaal was persoonlik daar.

„Voor en agter vas," het skipper Liebeström gewoonweg beveel, maar sy stem was nie soos aldag nie.

Gewillige hande het die toue gevang om die boot te anker. Die water het hoog gelê. Halfverkluimde seuns het aan wal gestrompel. Koos-Piet was sonder sy ghitaar.

Die sokkerspelers is na hulle verskillende gashere vervoer.

Ou skipper Axel Liebeström het sy stormhoed diep in sy oë getrek en het eensaam in die rigting van sy huis gestap.

Jean het gedurende die nag wakker geword. Hy en Wouter was in dieselfde kamer in die prinsipaal se huis.

Hy het geluister. Dit was stil. Hy het 'n vuurhoutjie getrek. Wouter was nie in sy bed nie. Sy jas en skoene was weg.

Jean het suutjies aangetrek en die huis verlaat. Wouter het hom seker wakker gemaak toe hy opgestaan het.

Buite was dit koud. 'n Sterk wind het uit die rigting van die see gewaai en 'n volmaan het bo vlieswolkies gery. Hy het 'n donker figuur met die sandpaadjie see-toe sien stap. Hy het Wouter se houding herken. Hy was nie so manhaftig soos gewoonlik nie en het gebuig teen die wind.

Wouter het met die strandpaadjie links by die kaai verby gestap en reguit in die rigting van die hoë rotse gepeil.

'n Vrees dat sy kaptein iets onverskilligs mag aanvang het Jean beetgepak. Hy het sy pas versnel. Die sand was swaar en die wind van voor, maar hy het aangestap.

As die groot golwe teen die rotse aandreun om onder in die kliphuise in te slaan en hoog bo by die gate uit te spuit het die spatsels by hulle beland.

Hy het probeer skree, maar die dreuning en die wind het hom skaars 'n tree hoorbaar gemaak. Op 'n hoë rots het hy hom ingehaal.

„Wouter wat soek jy hier?"

„Niks nie."

„Kom terug bed-toe. Ons moet môre speel."

Daar was iets vreemds in Wouter se houding. Die hele nag was vreemd. Agter die wit skuim van die brekers het die maanlig lang blink riwwe en skaduwees op aankomende golwe gegooi, terwyl die sandstrand 'n doodse bleekheid vertoon het.

„Ons sal nie môre sokker speel nie," het Wouter gesê. „Hy is daar — daar diep in Donkerbaai."

## Gesellige Aand

Die Boerejeug van die Kaapse Skiereiland het voorverlede Vrydagaand weer een van hul geslaagde funksies gehou. Die Vriendskap Sentrum was propvol en ons kon moeilik „draai." Baie van die ou gesigte — wat ons al so goed ken — was weer daar en, ons is bly om te sê, 'n paar nuwes is ook opgemerk.

Die aand is gesellig deurgebring met allerhande speletjies, grappe en natuurlik — eet. Daar is besluit om 'n groter saal te probeer huur waar ons dan weer elke maand bymekaar kan kom.

Die aand was baie aangenaam deurgebring en ons sien uit na die volgende funksie.

## Geluk!

Die Boerejeug van Oudtshoorn wil komdt. en mevrou Hitge van harte gelukwens met die geboorte van hul dogter. Dit is nie net vir hulle 'n lid meer in die huisgesin nie maar voorwaar ook 'n aanwins vir die Boerejeug. Ons hoop dat sy binne 'n paar jaar die sisrokkie sal aantrek.

## Antwoorde - - Ons Blokkiesraaisel

| AF | DWARS |
|---|---|
| 1. Oasis | 1. Opera |
| 2. Respek | 3. Kamma |
| 3. Katoen | 7. Sersant |
| 4. Maar | 8. Also |
| 5. Afsak | 10. Oorlas |
| 6. Jo! | 11. Sewe |
| 9. Os | 13. Neef |
| 12. Dis | 15. En |
| 14. Feit | 17. Perdewa |
| 15. Een | 20. Vies |
| 16. Nr. | 23. In |
| 17. Pitso | 24. Partys |
| 18. Duif | 25. Mielies |
| 19. Wilna | 26. Natreën |
| 20. Vasry | 27. Ons |
| 21. Erger | |
| 22. Sy | |
| 24. Pet | |

Hoe lyk dit, het julle alles reg? Wil julle nog Blokkiesraaisels hê? Laat weet net.

## VERJAARDAG-KETTING

JULIE

12 Jacomina Swart, Kakamas.
13 Martha Botes, Loxton.
14 Ockert du Toit, Aliwal-Noord. Magdalena Smit, Stellenbosch.
15 Coert van der Walt, Potchefstroom.
16 Piet Burger, Brandvlei.
17 Willem Fourie, Stutterheim. Freda Niehaus, Wellington.
18 Hester Botes, Bultfontein, O.V.S.

## Ons Bring Hulde!

Dit was vir die Boerejeug van die Skiereiland 'n groot skok en verlies toe hulle verlede week moes verneem dat hulle een van hulle getrouste ondersteuners deur die dood verloor het.

Van die ontstaan van die Boerejeug af, het ons in Generaal Gustav Retief 'n troue vriend gehad. Altyd het hy probeer help. Ons funksies het hy altyd met plesier bygewoon; dit was vir hom aangenaam om tussen sy Boerejeug te wees. Hy was vir ons 'n inspirasie deur sy vriendelikheid.

Waar ons nou nie meer vir Generaal Retief by ons kan hê nie, bly ons hom dankbaar vir daardie gees van getrouheid teenoor die Beweging waarvan hy vir ons 'n grootse voorbeeld was. Ons sê dankie en bring aan u nagedagtenis hulde!

Aan mevrou Retief en familie, ons innige meegevoel.

## Groot Suiwering Wag Tsjeggiese Rooies

Twee miljoen lede van die Tsjeggiese Kommunistiese Party staan aan die vooraand van 'n suiwering om diegene wat „geen eerlike betrekkinge met die party het nie", te verwyder, is in Praag aangekondig.

Die ondersoek sal ongeveer vyf maande duur en sal op 1 Augustus begin.

Alle lede sal hul bekwaamheid moet bewys om andere van die waarheid van die partybeleid te oortuig en die „onwaarhede wat internasionaal deur die vyande versprei word", te beveg.

## Indiërs Begin Eise Stel In Oos-Afrika

**Die Indiërs in Oos-Afrika, wat die land binnegekom het oor die trotse „brug" wat die Britse Empire tussen Afrika en die Ooste span, begin tans hule eise te stel.** Verlede week is berig dat die Indiese vereniging in Tanganjika formeel aangedring het op „'n meer gevorderde, gewilde en demokratiese regeringsvorm" en ook op beter geleenthede vir Asiate in die staatsdiens.

Gelyktydig het hierdie eise is daar in die naburige Britse gebied, Kenia, deur die groep Indiese stadsraadslede in Nairobi geëis dat die onderburgemeester 'n Indiër moet wees. Toe aan die eis nie voldoen is nie, het die Indiërs uit die vergadering gestap.

Noudat dit vakansie is, het ons mos meer tyd tot ons beskikking as anders. En tog weet ons nie altyd wat om met daardie tyd te doen nie. Hoe lyk dit, gaan ons nie Saterdag so 'n gesellige uitstappie reël nie? Reg, hier gaan ons.

Gou die kakieklere en stapstewels uithaal. 'n Paar toebroodjies regmaak — en onthou die koffieketeltjie — die kamera laai en alles is gereed.

Waarheen nou. Dit kan gou besluit word — die ou fort op die koppie, die eerste waterval of 'n geskiedkundige baken. Die besluit op 'n einddoel is egter belangrik — dit skakel die element van doelloosheid uit en verskaf daarby nog die eindvreugde van 'n verwesenlike doel.

Op pad. Gee die longe die kans om die vars lug te geniet en laat die hele liggaam voordeel haal uit die vrye beweging. Stap doelbewus, 'n vinnige dog gemaklike en ritmiese pas. Uit met die bors, in met die ken, rek jouself 'n paar duim langer en trap op die aarde. Probeer opgeruimd lyk en jy sal opgeruimd voel. Wyk af van die grootpad indien moontlik en stap deur die veld. Spring oor bossies en vang na boomtakkies. Sing. Tel klippe op en gooi na teikens. Maar onthou gedurig — moenie kruip nie, stap!

Hou jou oë belangstellend oop, nie alleen om die gate en versperrings in die pad raak te sien nie, maar ook die mooi dinge in die natuur. Watter soort voël is daardie; en hierdie mooi blom; hoekom het die grond hier so verspoel; en hierdie spoor, het die persoon gehardloop of geloop?

By die bestemming aangekom — 'n lekker koppie koffie uit daardie eie keteltjie, swart en sterk en geurig, 'n toebroodjie, so 'n bietjie rondkyk en terug op pad voor die spiere en die gees styf word. Geen verslapping nou nie, nog altyd dieselfde opgeruimde en veerkragtige houding van die vroeë middag.

Die laaste halfmyl. Die vinnige pas dreig om te verval tot 'n slentergang. Met 'n uiterste wilsinspanning dwing jy jouself egter om nie moeg te lyk of moeg te voel nie.

Hoe bejammer jy tog nie die tuisblyers en stoepsitters en veral pawiljoensitters nie!

Tuis aangekom. Jy hardloop die stoeptrappies op en bevlieg die koue stortbad. 'n Aandete soos geen koning kan geniet nie. Daarna 'n stukkie lees of gesels.

Bed-toe. Met 'n liggaam „vol heerlike pyne" en 'n gevoel van die hoogste bevrediging slaap jy soos alleen jy kan slaap.

## 'Vriende Van S.A.' In Duitsland

'n Vereniging van „Vriende van Suid-Afrika" is deur vooraanstaande Duitsers in akademiese en sakekringe en deur persone wat belangstel in emigrasie van Duitsland na Suid-Afrika, in München gestig.

'n Soortgelyke vereniging sal waarskynlik in Suid-Afrika gestig word.

Namens die München-vereniging is verklaar dat dit geen politieke doelstellings het nie. Sy hoofdoel is om kulturele en wetenskaplike betrekkinge tussen die twee lande te herstel en om wederkerige handel aan te moedig.

## Pryse Vir Motoriste

Die Nasionale Padveiligheidsorganisasie gaan ere-toekennings doen aan motoriste wat hulle oor tydperke van 2, 3, 6, 12, 15 en 21 jaar onderskei waarin hulle nie in ongelukke betrokke is nie.

Bestuurders van motors wat 25 jaar lank nie in ongelukke betrokke is nie, sal 'n besondere vergoeding ontvang.

Die skema maak voorsiening vir die bestuurder, wie se werkgewer 'n lid is van die organisasie, vir die bestuurder, wie se werkgewer nie 'n lid van die organisasie is nie, en vir die private motoris.

Wanneer 'n lid van die organisasie in 'n ongeluk betrokke is, sal daar ondersoek ingestel word of hy die ongeluk kon voorkom het al dan nie. Motoriste wat in ongelukke betrokke was wat hulle nie kon voorkom nie, sal nie daardeur benadeel word nie.

KRY LIEWER U WINTER-UITRUSTING BY

Steyns

DIE MODEWINKEL
Parow

O.B. JAARGANGE

JAARGANGE 1947-48 — JAARGANGE 1948-49

Nou verkrygbaar teen £1 5s. elk. Posgeld ingesluit.

VOORRAAD BEPERK

BESTEL DUS DADELIK BY:

VOORSLAG (EDMS.) BPK.

Groote Kerk-gebou 703 — Kaapstad

# Gedugte Rooi Wapen In Oos-Duitsland Gesmee

## „Demokratiese" Toesig Baar 'n Basilisk

**Die Russiese skuif in Korea in sy spel om wêreldheerskappy stuur dadelik die gedagte na Duitsland waar die Westerse politici in hul oorwinnaarsroes met Stalin presies dieselfde toestand geskep het deur een deel van die land onder die „demokratiese toesig" van Rusland te plaas. Dit is daarom van belang om 'n gesaghebbende weergawe te kry van wat in Oos-Duitsland op die oomblik aan die gang is.**

**Volgens Intelligence Digest het die laaste tekens van verset teen Kommuniste 'n tyd gelede reeds verdwyn. Die nie-Kommunistiese deel van Oos-Duitsland is in 'n toestand van swarte wanhoop en verlorenheid. Selfs die sterkstes van die ondergrondse weerstandgroep is sat van wanhoop.**

**Kommunistiese beheer is volledig en hul moraal baie hoog. Die Kommuniste beskou hulself as die toekomstige heersers van die hele Duitsland, en die opkomende ster is Gerhard Eisler wat 'n hater is van die Amerikaners.**

Die Oos-Duitse nywerhede maak vooruitgang hoewel die volk self nie veel baat daarby vind nie. **Die produksie is hoofsaaklik vir oorlogsdoeleindes. Die wapens wat van Duitse ontwerp is volgens Russies voorskrif, word uitgevoer na Sjina en Indo-Sjina. Britse Kommuniste word deur Rusland bewapen met Russiese wapentuig, sodat 'n volkome beheer uitgeoefen kan word.**

### LEëRKERN

Die onheilspellendste verskynsel is die intensiewe reorganisasie van daardie deel van die Duitse leër wat in die Sowjet-besettingsdeel nagelaat is. Die Westerse publiek word niks hiervan vertel nie, hoewel die Westerse regerings deeglik hiervan bewus is.

Die opleidingsprogram is in die hande van genl. Von Seydlitz en is gegrond op 'n samestelling van tradisionele Duitse beginsels en nuwe Russiese opvattings.

Behalwe die opleidingsbevel is daar nog twee ander. Die een is die politieke kommissarisse, volgens gangbare Russiese patroon. Genl. Zaisser, minister van staatsveiligheid in Oos-Duitsland, beheer die korps van politieke kommissarisse, sodat die militêre en politieke gesag verenig is. Zaisser is 'n ou Kommunis wat in die Spaanse burger-oorlog onder die naam Zaisser-Gomez geveg het, en was berug as een van die koelbloedigste en mees gevrese leiers van die Internasionale Brigade.

### VERSKRIKLIKE WAPEN

Zaisser se hoof-tegniese assistent is majoor Bechler, voormalige hoof van die Nasionale Bolsjewisme, 'n soort saamflansing van Hitlerisme en Stalinisme. Bechler, wat volkome bekeer is tot die Russiese beleid, is 'n buitengewone gevoellose en ruwe patologiese geval. Selfs leidende Kommuniste bejeën hom met agterdog. Hy is beslis besig om die korps van politieke kommissarisse tot 'n verskriklike wapen te smee.

Die ander is die Sowjet-beheerbevel, wat een offisier as adjunk-bevelhebber het in elke eenheid van die Oos-Duitse leër, sodat dit 'n volkome netwerk van geheime polisie binne die mag vorm. Hierdie offisiere gebruik nie net Duitsers as nuusdraers nie, maar het 'n groot aantal Russiese offisiere van satellietlande versprei deur die leër. Die hoofkwartier van hierdie bevel is in Leipzig onder beheer van 'n Joods-Ukrainiese offisier met lang ondervinding in die NKWO, Moshe Goldstueck-Karnov.

### RAAMWERK

Die permanente Oos-Duitse leër tesame met die Volkspolisie tel 105,000 offisiere en ander range. **Die opleiding geskied egter op die grondslag van die ou Von Seekt-plan, waarvolgens elke gewone manskap 'n potensiële onder-offisier en byna elke onder-offisier 'n potensiële offisier is. Dit is die raamwerk van 'n veel groter leër, en die uiteindelike vooruitsig is 'n al-Duitse nasionale leër.**

Die opleiding word verdeel in vier afdelings: infanterie, artillerie, tenks en ingenieurs, terwyl daar tekens is dat ook 'n lugmag toegevoeg gaan word.

Die wapens wat gebruik word is Russies volgens oorlogstydse Duitse patente. Standaardisering met Russiese wapens word geleidelik ingevoer en dit sal teen die einde van die jaar voltooi wees.

### BAIE STERK

**Die Russe het hulself in 'n baie sterk posisie geplaas, en die toneel skyn gerangskik te wees vir 'n vredesverdrag. Daar sal aangedring word op die terugtrekking van die besettingsmoondhede, en indien die Westerse lande weier, het die Russe 'n baie sterk propaganda-wapen.**

**In Oos-Duitsland het die Russe 'n wapen gesmee waarmee 'n verenigde Duitsland pres sies kan doen wat Hitler reggekry het — 'n gedugte leër in rekordtyd op te bou rondom 'n hoogsopgeleide offisierskern en 'n hoogs bekwame Russies-opgeleide generale staf.**

---

**Die Suid-Afrikaanse Spoorweë** het 100 ligte rangeer-lokomotiewe van die Duitse firma Krupp bestel teen 'n kontantprys van £1,696,328. Die Duitse tender was byna 'n kwart miljoen pond laer as die laagste van die 23 ander wat deur firmas in Amerika, Engeland en elders aangebied is.

## Voetbal En Tamaties

Die Duitse voetbalspan wat gedurende Mei 'n toer deur die Verenigde State gemaak het, het so tussen die tamaties en eiers deur, waarmee Jode hulle bestook het, van uit 'n sport-oogpunt goed gevaar. By hul aankoms in New York is hulle op die trappe van die stadsaal, waar hulle verwelkom is, deur 'n georganiseerde Joodse aanval met tamaties en eiers besmeer. Die middag op die voetbalveld het hulle 7—0 gewen. Later het hulle teen Chicago gespeel waar hulle tydens die spel voortdurend beledig is en na die wedstryd met hul vuiste teen sommige van die toeskouers moes verdedig. Hulle het 10—0 gewen. Ook in Milwaukee is hulle onder tamaties gesteek.

# MOORD IN KONSENTRASIEKAMP HET NAKLANK IN NEW YORK

**Onderstaande berig in die Amerikaanse blad Time, gee 'n interessante kykie op toestande in Duitse interneringskampe en toon aan dat verantwoordelikheid vir „misdade teen die mensheid" heelwat meer deelbaar is as wat Westerse propaganda totsover wou erken:**

Die gehawende agterbuurt van die Williamsburg-afdeling van Brooklyn (New York) is vol verplaaste geheues. Nog steeds sedert die einde van die Tweede Wêreldoorlog het vlugtelinge uit Europese konsentrasiekampe ingesypel en saam met hulle die kleredrag, gewoontes en vrees van die Ou Wêreld se Ortodokse Jode gebring. Sinagoges staan byna op elke hoek; die strate is vol mense met lang baarde en kalotjies; winkelnaamborde is in Hebreeus geskryf en die klerke praat Jiddisj . . .

„Donker, stoppelagtige Benjamin Krieger is 'n man wat sy herinneringe goed versorg. Hy het 'n viswinkel net soos hy een in Nowogrod in Pole gehad het voordat Hitler se troepe opgedaag het, en nou hoef hy nie bang te wees vir die polisie nie. Maar hy het nie die verlede vergeet nie . . . Een oggend verlede week het Krieger iets gesien wat sy hart laat bons het: 'n man met 'n donker, smal gesig wat by die viswinkel verby stap. Hy het uitgehardloop en geskreeu:

„Was jy in Auschwitz?"

Die man draai om en sê „Ja".

„In Dachau . . . Mühldorf?"

„Ja".

„Was jy 'n blokleier in Mühldorf?"

„Ja", antwoord die man.

Benjamin Krieger skreeu toe: „Is jou naam Meyer?" Dit lyk of die man knik, en Krieger gil: „Dan is jy die man wat my broer doodgemaak het!"

Sy kwaai stem het die vreedsame stilte van die straat vernietig. Gebaarde manne het omgedraai en teruggehardloop; ander het uit die winkels gestorm. Benjamin Krieger het wild met sy vuis geswaai en die smal besig het gehardloop met 'n gillende skaar van vyftig mense agter hom aan. Die vreemdeling het in 'n godsdienstige boekwinkel skuiling gesoek, en sy agtervolgers het geskreeu: „Maak hom dood, laat ons hom kry!"

Toe die polisie opdaag, het Benjamin Krieger sy beskuldiging half uitgesnik: **Die man met die smal gesig was 'n „blokleier" of gesagsdraer te Auschwitz. Benjamin en sy broer, Zelman, het by hom gesmeek om kos. Die gesagsdraer het Zelman met 'n wreedaardige swaai van 'n ysterpot doodgeslaan.**

Die man met die smal gesig het die polisie meegedeel dat sy naam Meyer Mittelman is en dat hy vir rabbyn studeer. Hy het erken dat hy in Mühldorf was, maar het Benjamin Krieger se beskuldiging ontken en gesweer dat hy hom nog nooit gesien het nie. Daar was geen feite om ondersoek en geen getuies om ondervra te word nie. Geen Amerikaanse hof het jurisdiksie oor 'n misdaad wat deur 'n Duitse slaaf in 'n Nazi-kamp gepleeg is nie."

Totsover Time se berig.

Miskien moet Benjamin Krieger hom na Neurenberg wend met sy klag — die het tog immers jurisdiksie oor misdade in Duitse kampe, maar wat word dan van die propaganda?

## Aan die Nuusfront

### £5,000 Toegeken Vir Verminking

**'n Britse dogtertjie van twaalf jaar oud is verlede week skadevergoeding van £5,000 teen die ministerie van gesondheid toegeken vir die verlies van haar arm. Sy is vir die verwydering van 'n geboortemerk behandel, maar weens nalatigheid van die huisdokter, lyk die hand nou soos „'n voël se klou" of soos „iets wat deur die weerlig getref is". Die arm was te styf verbind, is verklaar. Die verantwoordelike dokter bevind hom nou in Suid-Afrika.**

* * *

**Na die besluit van die V.V.O.** se Veiligheidsraad om Suid-Korea te verdedig teen die Kommunistiese inval uit die noorde, het die stryd daar opgehou om 'n Amerikaanse aangeleentheid te wees. Dit is tans 'n „polisie-optrede" van die V.V.O. en genl. MacArthur, hoof van die Amerikaanse besetting in Japan, is aangestel as opperbevelhebber van die V.V.O. in die veldtog.

* * *

**Die Franse is besig** met 'n tweede „Schuman-plan" — hierdie keer in verband met die wolnywerheid. Dit sal in September voorgelê word, maar na verneem word het Wes-Duitsland, Holland, België en Italië hulle reeds in beginsel ten gunste van so 'n verenigde wolnywerheid uitgespreek.

## Sal Weer Oud Word

Wetenskaplikes meen dat die gemiddelde leeftyd in die toekoms nog so hoog as 120 jaar sal word, volgens dr. A. Bleksley, bekende Afrikaanse wetenskaplike. 'n Eeu gelede was die gemiddelde lewensverwagting ongeveer 40 jaar, terwyl dit vandag byna 70 jaar is.

# Hoop Op Oorlog Sonder Verliese

**Die volgende oorlog kan moontlik met behulp van onsigbare radio-aktiewe stof gevoer word sonder verlies van een lewe en sonder dat 'n enkele stad vernietig word, het lt.-kol. David Parker, van die generale staf van die Amerikaanse leër verklaar.**

Hy het gesê dat die moontlike nuwe ‚wapen' deur vliegtuie oor stede gestrooi sal kan word sonder dat die inwoners daarvan weet.

Hy het bygevoeg dat die stof so verdun sal kan word dat die bevolking vyf dae tyd sal hê om die stad te ontruim voordat iemand getref word. Indien so 'n stofbedekte gebied egter nie binne vyf dae verlaat word nie, sal die radio-aktiewe strale hul slagoffers begin eis.

Die uitwerking van die stof sal na 'n jaar nie meer gevoel word nie, en die inwoners sal dan kan terugkeer. Hierdie jaar behoort egter genoeg te wees om hulle tot oorgawe te dwing.

Hy het ook verklaar dat die stof die bruikbaarheid van vyandelike stellings sal vernietig en verbindinge sal ontwrig sonder dat iets beskadig word.

Daar staan egter nog geweldige vraagstukke in die pad van die vervaardiging van die stof.

## OORLEDE

Johanna S. J. van Gorkum is op 6 Julie te Dealesville begrawe. Ds. Van der Berg, wat die diens waargeneem het, het verwys na haar voorbeeldige eenvoud ten spyte van haar adellike afkoms. By die graf het mnr. N. Minnaar die een en ander van haar lewe vertel. Tydens die besoek van jonkheer Belaerts van Blokland aan Bloemfontein is sy aan hom voorgestel. Hy was verwant aan wyle haar man. Sy laat 'n dogter na.

„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.